

Kinders sien hoe God mense gebruik om na mekaar om te sien.

Teks: Rut 1-4

Hulpmiddels:

- Maskers op roomysstokkies
- Ballonne
- Kitspap, Koring, Plastieklepels
- Rooi papier en skêre
- Leë plastiekhouertjies
- Koring
- Toebroodjies



WELKOM

Die “amoeba”-speletjie:

Gee vir elkeen in die groep ‘n opgeblaaide ballon. Laat die groep in ‘n sirkel staan en die ballonne tussen hul lywe vasdruk. Die hele groep moet nou as ‘n eenheid tussen twee agebakende punte beweeg.

“Pap”-resies

Verdeel in groepe en staan in rye (afhangende van die aantal kinders). Plaas by die eindpunt vir elke groep ‘n bak met kitspap en ‘n plastieklepel. Gebruik pap wat droog geëet kan word. Die voorste kinders hardloop na die bakke en skep ‘n lepelvol. Hy bring dit vir die kind wat agter hom in die ry gestaan het. Die kind eet die lepel pap op en hardloop dan om ‘n lepel pap vir die volgende kind in die ry te bring. Watter groep kan eerste almal klaar eet?



WYDING

Temalied en stilword-ritueel soos by ontmoetings 25 en 26.



WOORD

Die verhaal van Rut is ‘n verhaal wat begin by ‘n doodgewone gesin uit die dorp met die naam wat “Broodhuis” beteken (Betlehem). Die pa se naam beteken “God is Koning”, die ma s’n “Aangenaam” en die seuns s’n “Siek” en “Gedaan”. In die vreemde land waar hulle nou woon, is daar hongersnood en gebrek. Hulle is vreemdelinge tussen vyande. “God is Koning” sterf en kort daarna sy twee seuns “Sien” en “Gedaan” ook. Sy weduwee besluit om na haar familie terug te gaan. Haar seuns se vroue is “Die een wat omdraai” en “Vriendin”. Syself verander van “Aangenaam” na “Bitter”. Hierdie verhaal vertel van iemand wat ‘n verskil kan maak en sy én hy doen dit. Die storie laat ons ook raaksien hoe God se goedheid na vore kom in die oorvloedige goedheid van mense.

Dramatiseer die verhaal en gebruik die kinders om die verskillende rolle te vertolk. Die kinders wat nie ‘n karakter is nie, kan die groep vroue wees wat met Naomi praat, of die werkers op Boas se lande. Gee hier en daar kans vir aksies en laat hulle die karakters se woorde herhaal soos jy dit voorlees.

Naomi het besluit om terug te gaan na haar eie land toe. Haar 2 skoondogters, Orpa en Rut, het saam met haar gegaan. Nadat hulle ‘n ent gestap het, sê Naomi vir haar 2 skoondogters: “Julle moet liewers teruggaan na julle ouers toe. Julle was goed vir my en my seuns. Mag God vir julle goed wees.” Sy het hulle gesoen en totsiens gesê. Toe bars hulle in tranes uit en sê vir haar: “Nee, ons wil met Ma saamgaan, na Ma se mense toe.” Naomi sê vir hulle: “My dogters, gaan terug na julle ouers toe. Wat sal dit help om saam met my te kom? Ek is al te oud om weer te trou. My lewe is baie swaarder as julle s’n. Dit voel of die Here teen my is.” Naomi se skoondogters het weer begin huil. Orpa het toe vir Naomi gesoen en teruggedaan na haar ouers toe, maar Rut wou nie. Toe sê Naomi: “Kyk, jou skoonsussie het teruggedaan na haar ouers toe. Gaan jy ook terug.” Maar Rut antwoord: “Moet asseblief nie by my aanhou dat ek van Ma af moet weggaan nie. Oral waar Ma gaan, sal ek ook gaan. Waar Ma gaan bly, daar gaan ek ook bly. Ma se mense, is my mense. Ma se God, is my God. En daar waar Ma eendag doodgaan, daar sal ek ook doodgaan en begrawe word.”

Naomi het besef dat sy nooit vir Rut sal kan ompraat om weg te gaan nie. Sy vat toe vir Rut saam met haar Betlehem toe. Toe hulle in die dorp aankom, was almal baie bly. Die vrouens het uitgeroep: “Kyk, Naomi is terug in ons dorp!” Naomi sê toe vir hulle: “Moet my asseblief nie meer Naomi noem nie. Dit beteken ‘om vrolik te wees’. Noem my liewers Mara, want dit beteken ‘bitter’. Sien, God het my lewe bitter gemaak. Ek het so baie gehad toe ek hier weg is. Nou bring die Here my terug met niks.” Naomi en Rut het toe in Betlehem gaan woon.

Dit was tyd vir die koringoes. Daar was ‘n ryk man wat familie van Naomi was. Sy naam was Boas. Eendag sê Rut vir Naomi: “Ma, ek wil graag na die landerye gaan waar hulle koring oes. Sal een van die boere toelaat dat ek van die koring optel wat daar rondlê? So kan ons

kos kry.” Naomi antwoord haar: “My dogter, gaan doen dit gerus.” Rut het so gemaak en op Boas se plaas uitgekóm. Die plaaswerkers het die koring met sekels gesny (*kinders maak asof hulle oes*). Sekels lyk amper soos lang, krom messe. Rut het agter hierdie werkers aangeloop en wanneer daar koring val, het sy dit opgetel. Boas kom toe daar aan en groet sy werkers. Hy het vir Rut raakgesien en vir sy werkers gevra: “Wie is daardie meisie wat daar eenkant sit?” Hulle antwoord hom toe: “Dis die vreemde meisie wat saam met Naomi van Moab af gekom het.” Boas gaan sê toe vir Rut: “Meisie, jy hoef nie na ander boere se lande te gaan nie. Bly op my land en tel hier koring op.” Rut was baie bly en vra toe vir Boas: “Meneer, waarom is u so goed vir my? Ek is nie eers in hierdie land gebore nie?” Boas antwoord: “Ek het gehoor van alles wat jy vir jou skoonma gedoen het. Mag die Here vir jou goed wees. Jy kom van ‘n land af waar mense afgode aanbid, maar jy kies om na hierdie land te kom, na ons God toe, sodat Hy jou kan beskerm.”

Rut antwoord toe: “Baie dankie, Meneer. U is so goed vir my.” Rut het die hele dag, tot die aand toe, koring opgetel. Aan die einde van die dag het sy omtrent 13 kg koring gehad. Sy vat dit toe na haar skoonma toe. Naomi vra: “Waar het jy vandag so baie koring opgetel?” Sy vertel vir Naomi dat sy op Boas se plaas koring opgetel het. Naomi roep uit: “Mag die Here baie goed wees vir Boas. Hierdie Boas is familie van my man, daarom behoort hy eintlik vir ons te sorg.” In daardie tyd moes die mans vir die weduwees in hulle familie sorg. Rut sê toe: “Dit is nie al nie. Boas het gesê ek moet elke dag op sy lande kom koring haal.” So het Rut elke dag koring gaan optel.

Op ‘n dag sê Naomi vir Rut: “My dogter, dit is my plig om vir jou ‘n goeie man te soek sodat jy versorg kan wees. Soos jy weet, is Boas familie van ons. Hy werk vanaand laat met die koring. Gaan na die koringland toe en wanneer almal slaap, gaan lê jy by Boas se voete.” Rut het dit gedoen.

Toe Boas in die middel van die nag wakker skrik, was hy baie verbaas om Rut daar te sien. Boas vra toe vir haar: “Wie is jy?” Sy het geantwoord: “Ek is Rut. Sal jy vir my sorg en my beskerm?” Boas antwoord toe: “Alles wat jy my vra, sal ek doen. Jy moet jou nou nie verder bekommer nie.”

Vroeg die volgende oggend, nog voor dit lig was, het sy opgestaan. Boas is dorp toe en Rut is terug na haar skoonma toe. Boas het by die dorp se ingang gaan sit. Daar was ‘n ander familielid wat nader familie was en daarom was dit sy verantwoordelikheid om vir Rut en Naomi te sorg. Boas het met hom gaan praat en omdat hy ander pligte gehad het, was hy verlig dat Boas eerder vir Rut en Naomi wou sorg.

Boas sê toe: “Julle is almal ons getuies dat ek alles koop wat aan Naomi se man en seuns behoort het. Rut word nou ook my vrou. As ons kinders het, sal hulle die grond erf en so sal die grond in die familie bly.” Boas is toe met Rut getroud. Die Here het vir haar ‘n baba-seuntjie gegee.

Die vrouens sê toe vir Naomi: “Prys die Here, want Hy het vir jou ‘n kleinkind gegee. Mag hierdie seun nog ‘n belangrike man in Israel word.” Hy is Obed genoem en hy het later baie kinders en kleinkinders gehad. Een van sy kleinkinders was Koning Dawid van wie ons later sal leer.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder van watter karakter in die verhaal hou jy die meeste.
2. Ek wonder wat jy sou doen as jy Rut was.
3. Ek wonder of jy van mense weet wat sorg nodig het.
4. Ek wonder hoe kan jy dankie sê vir almal wat vir jou sorg.




WERSKAF

- ♦ Stel die maskers beskikbaar sodat hulle weer die storie kan vertel.
- ♦ Teken en knip die hartjie uit. Dit herinner ons aan die liefde tussen Naomi en Rut.
- ♦ Maak koringpotjies vir elkeen om huis toe te neem. (*Voorsien plastiekbotteltjies met koringkorels in. Laat hulle “SORG” op ‘n klein rooi hartjie skryf en dit in die botteltjie sit.*)
- ♦ Maak broodjies – een vir jouself en een wat uitgedeel kan word. (*Albei broodjies gaan saam huis toe en word saam met iemand geëet wat sorg nodig het.*)



Sluit af met die seënbede.





Gaan kyk op die Franse kunstenaar Didier Martin se webtuiste (<http://www.mylittlehouse.org/the-old-testament.html>) en laai die prent hieronder gratis in kleur of swart-en-wit af. Laat die kinders die prente inkleur en 'n 3D-prent saamstel.









